Ian Nell
Mede Professor in Praktiese Teologie
Departement van Praktiese Teologie en Missiologie
Universiteit van Stellenbosch
ianell@sun.ac.za

PREEKVOORSTEL OOR 1 KOR 15

1 Kor 15:1-11
Tema: Jesus se opstanding gee ons hoop om menswaardig te leef

Opmerkings oor die agtergrond van die teksgedeelte

Die eerste brief van Paulus aan die gemeente in Korinte is redelik los gestruktureer. Paulus skenk aandag aan **spesifieke probleme** wat verband hou met die lewe van die gemeente. Dit is duidelik dat hy op 'n hele aantal vrae in die brief reageer, sonder dat dit 'n spesifieke tematiese orde volg. In die verskillende teologiese posisies wat Paulus inneem met betrekking tot die situasie in Korinte, is daar wel '**n eenvormige teologiese argument** wat hy duidelik kommunikeer: die **teologie van die kruis**. Die bestaan van Christene en die diepste grond vir hul menswaardigheid word bepaal deur die feit dat Christus Homself aan die kruis openbaar het, in nederigheid eerder as in heerlikheid.

Wat 1 Kor 15 betref, is dit die moeite werd om vooraf duidelikheid te probeer kry oor wat die **basiese posisie** was van die mense wat 'n verkeerde siening van die opstanding gehad het. Navorsing wys dat dit 'n groepie **entoesiastiese gelowiges** was wat gereken het dat die hemelse heerlikheid reeds 'n teenswoordige realiteit was. Hulle het dus aanspraak gemaak op die opstanding van Jesus, maar dit op 'n spesifieke manier geïnterpreteer, naamlik op 'n entoesiastiese manier. Christus is verhoog in die hemel en op grond hiervan het hulle die menslike afleiding gemaak dat hulle ook, as gelowiges wat deel in dié heerlikheid, reeds verby hierdie wêreld beweeg het. In die Gees, so het hulle geglo, het hulle reeds die aardse bestaan agter gelaat en in ekstase die "rykdom" van die hiernamaals geniet. Op ’n ironiese manier lei so ’n beskouing tot ’n verwronge siening van die mense se waardigheid.

Paulus se argument is dan 'n anti-entoesiastiese argument waarin hy waarsku dat die kruis nie verontagsaam moet word ter wille van verheerliking nie. Wysheid word volgens hom nie deur 'n entoesiastiese oplewing verkry nie, maar in die erkenning van die dwaasheid van die kruis wat ook lei tot ’n ander perspektief op die waardigheid van die mens. Teen die *theologia gloriae* van die Korintiërs, pleit Paulus vir die Christelike *theologia crucis*, wat sy sentrale argument vorm. In laasgenoemde vind die gelowige dan ook die ware hoop vir ’n menswaardige lewe.

Preekstudie

In 1 Kor 13 vind ons die drieslag van geloof, hoop en liefde wat mekaar aanvul. Dié drie klassieke deugde staan nie los van mekaar nie maar groei uit mekaar. In hierdie preekstudie konsentreer ons veral op die Christelike hoop en gaan ons poog om aan die volgende vrae aandag te skenk:

- Eerstens, waar kom hoop vandaan? Meer spesifiek: Waar kom Christelike hoop vandaan? Die unieke van die Christelike hoop is nie die tema van hoop nie, maar die *soort hoop* wat ter sprake

is. ’n Hoop wat ook op nuwe en ander maniere die fokus op mense se waardigheid laat val in die lig van wat aan die kruis gebeur.
- Tweedens, wat sê ons, as ons sê dat ons hoop vind in die opstanding van Jesus Christus en wat is die implikasies daarvan vir menswaardigheid?

Ek gaan poog om dié twee vrae aan die hand van 1 Kor 15:1-11 te probeer beantwoord.

WAAR KOM (CHRISTELIKE) HOOP VANDAAN?

Verhale en mites oor hoop vind ons reeds in die vroegste literatuur van die Grieke. Die Grieke kon egter nie besluit of 'n mens hoop kan vertrou nie. Daarom vind ons dat hoop in die mitologie enersyds as die dryfkrag agter die beskawing beskryf word, maar andersyds word dit weer as bedrieglik voorgestel omdat dit ons verdoof en verblind vir die werklikheid.

Die verskillende weergawes van die verhaal van Pandora se doos wys vir ons op dié dubbelslagtigheid. Volgens die een was die doos gevul met al die goeie gawes aan die mens. Nadat 'n nuuskierige ingeloer het, het dié gawes ontsnap met net hoop wat agtergebly het. Volgens 'n aander weergawe was die doos vol onheil. Nadat die deksel gelig is, het al die ellendes ontsnap met net hoop wat agter gebly het.

Plato het 'n meer positiewe siening van hoop gehad. Hy het gesê dat die bestaan van die mens bepaal word deur wat hy hoop en hoe hy hoop. In hoop onderskei hy dus tussen *dit waarop* ons hoop en *die gesindheid waarmee* ons hoop. So funksioneer hoop vir hom as 'n soort van neutrale begrip.

Kyk ons na hoop in die Ou Testament, dan kom ons agter dat die Jode altyd *op iets goeds* gehoop het. Hulle het op iets goeds gehoop en iets ergs gevrees. Die Ou Testament hoop het dus bestaan uit 'n hunkerende uitsien na dit waarop gehoop word. Die rede waarom hulle hoop met dié positiewe betekenis gevul het, was geleë in die feit dat hulle hoop, in teenstelling met Griekeland, nie gerig was op een of ander toekomsbeeld wat deur die mens ontwerp is nie, maar op Jahwe en sy beloftes. Daarom is vaste vertroue dikwels as sinoniem vir hoop gebruik en voed dit ’n menswaardige bestaan.

Israel en hoop hoort dus bymekaar omdat die volk in geheel afhanklik was op die handelinge van God. Daarom hoop Israel op God self en sy dade. Enige hoop wat dus nie hoop op Jahwe was nie is as gevaarlik en misleidend beskou. Dit word onder ander gesê van hoop op rykdom (Ps 52: 9; Job 31:23), op mense (Jer 17:5), op die tempel (Jer 7:4), op afgode (Hab 2:18), op politieke magte (Hos 10:13; Jes 31:1), ens. Hierdie vorme van hoop beskaam en bedreig die mens se waardigheid. Die hoop op Jahwe sluit ook die hoop op sy reddende handelinge in die eindtyd in (Jer 25:9; Jer 29:11 ens.).

Die Nuwe Testament sluit aan by dié positiewe betekenis van hoop wat ons in die Ou Testament vind. As volbloed Jood is Paulus geen uitsondering nie. In 1 Kor 13 sien ons hoedat hy hoop in een asem noem saam met geloof en liefde. Dié drietal is vir hom 'n teken van die laaste dae en is deel van die gawes van God se Gees met direkte implikasies vir ’n menswaardige bestaan.

As deel van God se gawes, hoort dié drie ook in ons reistas op die geloofsreis. Want Christelike hoop herinner ons volgens Dirkie Smit juis aan ons toestand van op-weg-wees. Wie op weg is, het nog nie

gearriveer nie en verlang nog, hunker na, ontbeer en strek uit na wat voor is. Hierdie op-weg- wees, staan teenoor arriveer, aankom, alles besit, ten volle begryp. Christelike hoop het te make met ons status as reisigers, pelgrims en vreemdelinge wat ook beteken dat ŉ menswaardige bestaan nie iets is wat afgehandel word nie, dit is ŉ proses.

Maar nou leer ons tradisie vir ons dat ons dié hoop kan verloor. Volgens Augstinus kan ons dié hoop op twee maniere verloor. Die een is deur "valse hoop" en die ander is deur "wanhoop". Albei maak of ons reeds aangekom het. Volgens valse hoop reeds in die hemel. Volgens wanhoop reeds in die hel. Laasgenoemde bepaal dan ook hoe ons oor die mens se waarde nadink.

En dit is presies hierdie saak wat die vurige apologeet Paulus in sy brief aan die gemeente in Korinte aanraak. Hy wil die lidmate waarsku teen mense wat met 'n "vals hoop" opereer. Daarom herinner hy hulle aan die evangelie van ware hoop wat hy aan hulle verkondig het (1 Kor 15:1). In vers 2 sê hy dan uitdruklik: "As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom."

Wat was hierdie "iets anders" waarteen Paulus waarsku? Dit was die oortuigings van 'n klomp entoesiastiese gelowiges wat gereken het dat die hemelse heerlikheid reeds 'n teenswoordige realiteit was. Hulle het dus aanspraak gemaak op die opstanding van Jesus, maar dit op 'n spesifieke manier geïnterpreteer, naamlik op 'n entoesiastiese manier. Hulle het gereken dat hulle reeds gearriveer het. Christus is verhoog in die hemel en op grond hiervan het hulle die afleiding gemaak dat hulle ook, as gelowiges wat deel in dié heerlikheid, reeds verby hierdie wêreld beweeg het en trek daarmee as't ware ŉ streep deur die mens se waardigheid in die hier en nou van ons alledaagse bestaan. In die Gees, so het hulle geglo, het hulle reeds die aardse bestaan agter gelaat en in ekstase die "rykdom" van die hiernamaals geniet. Dit kom dus neer op die minagting van die mens se waardige bestaan in die hiernoumaals.

Hulle het geleef met 'n "valse hoop". Hulle het gedink hulle het reeds die hemel besit, en dat hulle daarin geslaag het om dit in die lewe in te trek en dus daaruit kon begin leef met die gevolg dat die waardigheid van die mens skeefgetrek is. Hulle het soveel vreugde aan die lewe gehad, soveel voorspoed en sukses ervaar, dat die enigste hoop in hulle harte was dat die hede tog net nie moet verbygaan nie. Die hoop op ŉ waardige bestaan vir alle mense, in besonder vir dié wat op die marges van die samelewing geleef het, was nie meer deel van hul nadenke nie.

Daar mag dalk mense in ons land wees, veral mense uit die voorheen benadeelde groepe, onder wie daar hierdie soort hoop geleef het ná die veranderinge wat in 1994 gekom het. Maar ongelukkig het die realiteite van ons land sedert 1994 heelwat verander. ŉ Mens merk op dat daar beide by mense wat tradisioneel bevoorreg was én die wat benadeel is, eerder 'n ander vorm van hoop na vore gekom het. Dié hoop wat Augustinus as "wanhoop" beskryf. Die feit is, alhoewel valse hoop en wanhoop mekaar se teenoorgesteldes is, word daar by beide vergeet dat ons op pad is en dat menswaardigheid ŉ gawe maar ook ŉ opdrag is. Beide valse hoop én wanhoop maak of ons reeds aangekom het. Volgens valse hoop reeds in die hemel, volgens wanhoop reeds in die hel – en nie een van die twee help met ŉ gesonde verstaan van menswaardigheid nie.

Of dit nou valse hoop is of wanhoop is, beide het te make met wat ons verwag van die toekoms. Wie se advies oor die toekoms glo ons? Op wie se voorspellings en voorseggings bou ons ons keuses? Op wie se scenarios vertrou ons die meeste? Ook in ons nadenke oor menswaardigheid, bly die vraag: "Glo ons dat Jesus Christus nie net in ons verlede daar was nie, maar ook dat Hy voor ons is; dat Hy in ons toekoms en in Afrika en Suid-Afrika se toekoms ook daar sal wees?"

Dit is hier waar Paulus nie net vir sy gemeente in Korinte nie, maar ook vir ons nuwe moed gee vir ons nadenke oor menswaardigheid. Want Paulus herinner ons om vas te hou aan die evangelie van redding wat hy verkondig het. 'n Evangelie van hoop in die opstanding van Jesus.

WAT SÊ ONS AS ONS SÊ DAT ONS HOOP VIND IN DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS?

Waar daar hoop is – sê Martin Luther – word God waarlik aanbid. Want God is die God van alle hoop. Christus is ons hoop. Hiervan is Paulus met sy hele wese oortuig en is 1 Kor 15 een van die sleutelgedeeltes in sy argumentasie. Waarom? Omdat die Christelike hoop vir Paulus ten diepste gevind word in die geloof in die opstanding van Jesus Christus en nie in allerlei menslike projeksies of projekte nie.

In die eerste elf verse van 1 Kor 15 motiveer Paulus sy vaste geloof in die hoop wat die opstanding van Jesus vir ons gee. En in die argumente wat hy aanvoer, vind ons as gelowiges, as gemeentes en as kerk, nuwe hoop vir ŉ "seisoen van menswaardigheid".

Die *eerste saak* wat hy aanraak en wat vir ons van direkte belang is, is sy oortuiging dat Jesus wáárlik opgestaan het. Paulus suig dit nie uit sy duim nie. Dit is nie die soort "vals hoop" waarvan ons hierbo kennis geneem het. Hy probeer nie om die gemeente 'n rat voor die oë te draai in eie belang nie. Nee, Jesus is op die derde dag opgewek "volgens die Skrifte" (vers 4). Hy het aan die voorspellings voldoen. Uit die Ou Testament is dit geantisipeer en tot die verbasing van die dissipels het dit op die derde dag in vervulling gegaan. Dit is nie maar wensdenkery, mooi idees, 'n slim filosofie nie – dit is 'n feit, dit het in die geskiedenis plaasgevind. Dit kan nie geïgnoreer of weggewens word nie. Hierdie enkele gebeurtenis het die gang van die ganse geskiedenis van die wêreld verander en daarmee vir ons ŉ nuwe stel lense gegee waardeur ons ŉ duideliker visie op ŉ "menswaardige" bestaan kan kry.

Maar dit is nie net in die geskrifte voorspel nie, Paulus het ook *ander bewyse* daarvoor. Vanaf vers 5 vertel hy aan wie Jesus almal verskyn het: aan Sefas, aan die twaalf, aan meer as 500 mense, aan Jakobus, en aan die apostels. Dit was nie bloot 'n privaat aangeleentheid waar net 'n uitverkore paar die voorreg gehad het om vir Jesus te sien nie. Jesus was sigbaar, mense het Hom gesien en daarvan getuig.

Maar dan gaan hy verder en sê: "Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn" (vers 8). Paulus beroep hom nie net op ander mense se getuienisse nie, hyself het oppad na Damaskus die lewende opgestane Here ontmoet. Die lewensveranderende krag van God het hy eerstehands ervaar en het hy sy eie waarde in die oë van God op ŉ nuwe manier verstaan en geleef. Die Here Jesus het aan Hom verskyn, hom verblind en hom laat omdraai. Ek, skryf hy, wat die kerk vervolg, die geringste van die apostels, aan my… Daarom gaan hy voort: "Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie…" (vers 10). Watter beter getuienis kan 'n mens verwag as dit in terme van menswaardigheid?

Met dit in gedagte, wat beteken dit dan nou vir jou en my as ons sê "ons glo in die opstanding"? En op watter maniere gee dit vir ons hoop vir die seisoen van menswaardigheid.

Iemand het by geleentheid gesê: "Jesus se opstanding maak ons opstandig." Ons wéét die wêreld kan beter lyk. Daarom maak Jesus se opstanding ons moedig om mee te werk aan 'n wêreld wat beter en

anders kan lyk, veral waar mense se waardigheid aangetas word. Moltmann en andere maak ons bewus van die feit dat hierdie "wêreld wat anders kan lyk", nie net verband hou met my eie klein wêreldjie van pyn, lyding en verontwaardiging nie. Dit gaan gewis ook oor die wyer wêreld van politiek en ekonomie waar onreg, uitbuiting, diskriminasie, bedrog en daarom verontwaardiging die Christen nie toelaat om stil te bly en skouers op te trek nie.

Maar nou weet ons uit ons Skrifgedeelte dat die hoop wat die opstanding vir ons gee en die moed om 'n verskil te maak, nie sonder 'n prys gepaard gaan nie. Jesus se opstanding is vooraf gegaan deur sy kruisiging, deur sterwe, deur opoffering. Dit is dikwels hierdie geloofswaarheid wat ons so maklik miskyk ook in ons nadenke oor menswaardigheid. Trouens dit is wat die opponente in Korinte nie verstaan het nie – *'n theologia gloriae* sonder 'n *theologia crucis*, bestaan nie. Dit gebeur so maklik dat ook ons hoop en die mens se waardigheid koppel aan "positive thinking" en dan maklik uit die oog verloor dat dit opoffering van ons vra om dit wat ons as geskenk ontvang het ook elke dag te leef. Wanneer ons waarlik oortuig is dat die opstanding vir ons nuwe hoop gee en ons menswaardigheid herstel dan is ons ook bereid om die moeilike pad van selfopoffering te loop om hieraan inhoud te gee.

Jy sal weet wat die *theologia crucis* in jou seisoen van menswaardigheid van jou vra. Waar jy moet moue oprol om by die nood van ons dag betrokke te raak, dalk af te sien van sekere gewoontes, nuwe deugde moet aanleer, toesien dat reg en geregtigheid geskied en die onreg van die verlede uitgewis word. Die ironie van die lewe is dat ons dikwels in hierdie momente van selfprysgawe die diepste sin van die lewe ontdek. Jesus sê nie verniet: "wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry" (Matt 16:25). Verhale van opoffering ter wille van ander se waardigheid in jou eie omgewing is volop – vertel daarvan, hou dit voor as voorbeelde, dit gee hoop en inspireer.

Dit is nie net Jesus se opstanding wat ons die hoop gee asook die moed om daadwerklik daaraan uitdrukking te gee nie, Paulus se persoonlike getuienis in 1 Kor 15 vul ons ook op 'n besondere manier met hoop. Wat met hom op die pad na Damaskus gebeur het, is nie alleen een van die klassieke bekeringsverhale nie, dit is ten diepste 'n verhaal oor God wat nooit moed opgee om ons almal se waardigheid te herstel nie. Wat dikwels ook op die onverwagse momente ingryp en alles verander.

Laat ons eerlik wees, die meeste van ons sou nie met hoop en energie meegewerk het aan die ideale van God se Koninkryk en aan die seisoen van menswaardigheid nie, as ons nie iewers op die geloofsreis as't ware van aangesig tot aangesig die lewende Here ontmoet het nie. Dalk nie so dramaties soos Paulus nie, maar iewers weet ons het God ons aangeraak, ons verstand verlig, ons sake uit 'n ander perspektief laat sien, ons met nuwe krag gevul in 'n situasie wat na 'n doodloopstraat gelyk het. Daardie flitsende momente waar God die gordyn vir 'n oomblik oopgeskuif het. Daardie momente wat ons met nuwe hoop vul om vir ander se waardigheid op te staan. Ook hiervan bestaan daar baie verhale in jou eie omgewing. Vertel dit, of kry mense wat daarvan kan getuig.

Hoop só verstaan, bevry ons as Christen gelowiges om vir ander se waardigheid op te staan. Dit bevry ons van vrees oor ons eie toekoms sodat ons aandag kan skenk aan die vrese en stryd van andere. Ons land het hoopvolle gelowiges dringend nodig. Gelowiges wat met onderskeiding en moed verby die slaggate in die pad (waarvan daar baie in Afrika is) kan kyk, bereid om met opoffering en geduld die skouer aan die wiel te sit. Gelowiges wat van harte oortuig is dat Jesus se opstanding ons opstandig maak! Want ons hoop op grond van die opstanding sê ten diepste wie die God is waarin ons glo en wat die waardigheid is wat God vir ons skenk.

'n Aanhaling uit Moltmann se bekende werk "Theology of hope", wys op watter wyse geloof en hoop ons op die geloofsreis in hierdie seisoen van menswaardigheid vergesel: "Without faith's knowledge of Christ, hope becomes a utopia and remains hanging in the air. But without hope, faith falls to pieces, becomes a fainthearted and ultimately dead faith. It is through faith that man finds the path of true life, but it is only hope that keeps him on that path. Thus it is that faith in Christ gives hope its assurance. Thus it is that hope gives faith in Christ its breadth and leads it into life."

Paulus sê as ons die krag of lus vir dié soort hoop in ons lewens mis, verstaan ons nog nie regtig wie Christus is nie en wat Hy vir ons doen en watter waardigheid Hy aan ons skenk nie. Wanneer ons leer om regtig in Hom te glo en op Hom te hoop, gee Hy ons die krag om aan te gaan sonder in valse hoop of wanhoop vas te val en ŉ lewe vol waarde te leef.

Ian Nell